

11 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 7

Twee troonvisioene vol troos

Na die oopmaak van die sesde seël waar die ongelowiges in die berge teen die oordele van God skuiling wou soek, kry Johannes weer twee troonvisioene. Hy sien die 144 000 gelowiges in die hemel. Hulle is die gemerktes van God, die volle getal van God se uitverkorenes. Die getal word simbolies as 12X12X10X10X10 weergegee en het betrekking op die gelowiges van alle tye. Dit is hulle wie se name in die boek van die lewe opgeteken is. Uiteindelik sal juis dit in die oordeel volgens Op 20:15 die belangrike saak wees: of iemand se naam in hierdie boek is.

In die tweede troonvisioen (Op 7:9-17) word ons by die troon van God gebring waar die ontslape gelowiges verkeer. Hulle klere is gewas in die bloed van die Lam en só het hulle vergewing van hulle sondes gekry. Hulle leef by die fontein van genade waar God hulle tranes met hierdie fonteinwater afwas.

Ons wil altyd baie graag weet hoe die lewe in die hemel is. Dikwels word gevra of ons as gesinne mekaar daar sal herken. Maar die fokus val sterker op die geestelike geloofsgemeenskap as op die bloedgemeenskap. Is dit nie ook die rede waarom ons op aarde meer by die kerk, as geloofsgemeenskap, betrokke moet wees nie?

Jy kan ook seker wees dat jy 'n gemerkte van die Here is wanneer jy besef dat jy sonder sy genade nooit kan leef nie.

Sing: Psalm 23:1,3

Dr B Duvenage (Emeritus)